GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 8 GEDIGTE:

KABOUTERLIEFDE

Die kabouter met die rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gisteraand vir my gegee
en sy hemp vir die maan
Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal
Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons in a kring getrek
soos 'n laer in die nag
Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die springkaan-wals gesing
Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug
Die kabouter met die rooi-rooi hart
het dit self vir my gesê
hy't die aardbol oor sy kop gegooi
O! dis hier waar die liefde lê

Ingrid Jonker

GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.
2024

NUKLEUS KULTUUR

BOESMANTAAL

Dit klik dis klak –
Hy praat nou twak.
Dis kiet dis kat
Dis wie weet wat
Se woordeskat!

Vanwaar hy al die klikke haal,
Wat voorkom in sy Boesmantaal
- So ‘n deurmekare braaisel,
Bly maar steeds vir my ‘n raaisel.

Dis klik dit tjlok –
En dink hy jok!
Dis tlêk dis tloek
- Kom ons deursoek
Die woordeboek.

Ag Boesman Baasman wat sê jy?
Of skinder jy miskien van my?
Nie jy of ek of ons klein Faan
Kan Baasman of sy vrou verstaan.

Dis kliek dis kloek –
Sou hy nou vloek?
Dis kiet dis kat
Die wie weet wat
Se woordeskat.

Nea

IN DIE BAAI

Dit was lank gelede.
Ons loop in Kaalvoetstraat,
ek en jy.
Die klippies steek skerp onder ons kaal
voete; ons loop eina-eina.
Ons lag vir die name van die huise
en sommer net oor ons jonk en bly is.
Kan-ni-kla-ni, Laatnag, Vrolikheid,
Woelwaters, Rus-my-siel.

Die wind waai my los hare teen jou wang.
Dit kielie.
Ons lag saam met die branders,
Jy byt 'n string hare tussen jou tande vas.
Vrolikheid, Woelwaters, Laatnag.

Laasweek het ek alleen
langs Kalvoetstraat gestap,
eina-eina
verby Uitspan en Laatnag
tot by Kan-ni-kla-nie,
Rus-my-siel.

Hester Heese